



N.G. Gemeente Oudtshoorn

Welgeluk

Posbus 762, Oudtshoorn, 6620

Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn

GPS: Lengtegraad : -33.6103100 Breedtegraad: 22.2012000

VISIE: Om met liefde te bou aan God se Koninkryk

Erediens: 02 Februarie 2020

Prediker: Ds. Andries Potgieter.

Teks: 1 Korintiërs 1:18-31

Tema: Christus ons krag en wysheid !

18 Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God. 19 Daar staan tog geskrywe: "Die wysheid van die wyses sal Ek vernietig, en die geleerdheid van die geleerdes sal Ek tot niet maak. 20 Waar is die wysgeer van hierdie wêreld nou? Waar die skrifgeleerde? Waar die slim woordvoerder? Het God nie die wysheid van die wêreld tot onsin gemaak nie? 21 Dit was die bedoeling van God in sy wysheid dat die wêreld nie deur geleerdheid tot kennis van God sou kom nie. Daarom het God in sy goedheid besluit om deur die prediking wat vir die wêreld onsin is, dié te red wat glo. 22 Die Jode vra wondertekens en die Grieke soek wysheid, 23 maar ons verkondig Christus wat gekruisig is. Vir die Jode is dit 'n aanstoot en vir die ander is dit onsin, 24 maar vir dié wat deur God geroep is, Jode sowel as Grieke, is Christus die krag van God en die wysheid van God. 25 Wat vir die wêreld die onsin van God is, is groter wysheid as die wysheid van mense, en wat vir die wêreld die swakheid van God is, is groter krag as die krag van mense. 26 Dink maar net, broers, aan wat julle was toe julle geroep is. Volgens die opvatting van mense was daar nie baie geleerdes of baie invloedrykes of baie mense van aansien onder julle nie. 27 En tog, wat vir die wêreld onsin is, het God uitgekies om die geleerdes te beskaam; wat vir die wêreld swak is, het God uitgekies om die sterkes te beskaam, 28 en wat vir die wêreld sonder aansien of betekenis is, ja, wat niks is nie, het God uitgekies om wat iets is, tot niet te maak. 29 Voor God het geen mens dus iets om op te roem nie. 30 Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is. Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak, die heiliging en die verlossing. 31 Daarom, soos daar geskrywe staan: "Dié wat wil roem, moet in die Here roem."

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178: E-pos – ajpotgieter@telkomsa.net

Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455: E-pos – bertinemalan@gmail.com

Kerkkantoor : Tel nr. (044) 272 4391 : Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00

E-pos adres: ngwelgeluk@telkomsa.net www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za

Bankbesonderhede: NG Oudtshoorn – Welgeluk: Nedbank: Takkode: 175205: Rek: 1006783962

Lief en Leed

Baie geluk aan ons sewentigplussers wat hierdie week verjaar:

Gerrit Bakker	2 Februarie 2020
Izak Smit	3 Februarie 2020
Helena Wagener	7 Februarie 2020
Adriaan Radyn	8 Februarie 2020

Ons dink in ons gebede aan die volgende persone vir hul gesondheid:

- **Joey Strydom** van Buitekantstraat 57;
- **Jenny Mostert** van Oosthuizenstraat 12;
- **Antoinette Erasmus** van Keyterstraat 29;
- **Thea Lombard** van Martinique woonstel 5;
- **Deon Jacobs** van Theronstraat 8;
- **Lampies Lamprecht** van Jan van Riebeeckweg 02;
- **Magdalena van Antwerp** van Jan van Riebeeckweg 24;
- **Elsabé Zaayman** van Milleniumpark 96;
- **Chris Hechter** van Rademeyerstraat 29;
- **Hendrik van Huyssteen** van Keyterstraat 42
- **Ons bid vir die volgende sake:-**
 - uitkoms vir reën in ons Klein-Karootreek wat erg geraak word deur die voortslepende droogte asook ander droogtegeteisterde gebiede in ons land;
 - maatskaplike en politieke uitdagings wat ons land in die gesig staar; en
 - moeilike omstandighede van medegelowiges in Zimbabwe en Bosnië.

Sondag: 2 Februarie 2020

- Die deuroffers gaan aan **Gemeentefondse**.
- Ons **jeuggroepe** verdaag na die erediens na hul klasse.
- **Blikkies vir Barmhartigheid** is in die voorportaal beskikbaar.
- **Kom geniet gerus heerlike koue waatlemoen na afloop van die erediens.**

PROGRAM VIR DIE WEEK

Maandag: 3 Februarie 2020

- **Bediening vir Eiendomme** vergader om 17:30 in die konferensielokaal gevolg deur **Gemeentebediening** om 18:30.

Dinsdag: 4 Februarie 2020

- **Bediening vir Getuienisaksies** vergader om 18:30 in die konferensielokaal.

Woensdag: 5 Februarie 2020

- Die **Vrouebybelstudiegroep** vergader om 09:00 en die **Mannebybelstudiegroep** om 18:30 in die konferensielokaal.

Vrydag: 7 Februarie 2020

- Maandelikse **gebedsbyeenkoms** om 06:00 in die kerk.

- **Belangrike datums vir die kwartaal: -**

Sondag: 23 Februarie 2020

- **Nagmaal** om 09:00.

Woensdag: 26 Februarie 2020

- **Aswoensdag:** Begin van Lydenstyd met 'n biduur om 18:30 in die kerk.

ALGEMEEN

- **Nuwe lidmate** word versoek om u kontakbesonderhede in die boek op die tafel in die voorportaal aan te bring en ook die vorm gemerk "lidmaatbesonderhede" te voltooi en so spoedig aan die skriba te besorg.
- **Lidmaat gegewens-**
Dit sal waardeer word as u asb. die kerkkantoor in kennis stel indien u e-posadres, selfoonnommer, telefoonnommer of woonadres verander. Dit help ons om ons rekords op datum te hou.

- Baie welkom aan die volgende lidmate wat by ons gemeente aangesluit het:
 - **Elizabeth Möller nou Keuler** vanaf Oudtshoorn Moedergemeente;
 - **Catharina Margaretha Schoeman nou Terblanché** vanaf Oudtshoorn-Park;
 - **Edwart John Dalton** vanaf Reebok.
- **Nismuur by die kerk:**
 Ons nismuur by die kerk het volgeraak. Die kerkraad het besluit om nog 48 nisse by te bou. As gevolg van die ekstra nisse moes ons die nommers van die nisse verander om die 48 te akkomodeer. Die ou nisse se plek is nog dieselfde, net die nommers het verander. Lidmate word uitgenooi om te kom kyk na die nuwe nommer asb. Baie dankie vir julle samewerking in die verband.
- **Mannesang**
 Elke man en seun in Oudtshoorn word uitgenooi om deel te word van hierdie saamwees waar ons as Manne van God herlewing nastreef en so mekaar kan bemoedig. Ons doen dit deur lekker saam te sing.
Datum: 2 Februarie 2020: Tyd: 17:00 by die N.G. Park-gemeente.

Gedagte vir die week:

Jy word nie voor die tyd toegerus vir die taak wat God jou oplê nie. Nee, jy leer deur die werk wat jy vir Hom doen en word toegerus terwyl jy met die taak besig is. – Andrew Murray

Welkom by die erediens, mag elkeen van ons opnuut die teenwoordigheid van die Here hier beleef!